

PSALM 151
— UIT SEPTUAGINTA EN QUMRAN*

Psalm 151? Nog nooit van gehoor nie? Daar is mos maar net presies 150 Psalms. So is ons dit al die jare al gewoond.

Dit is natuurlik waar ook. Die Bybel bevat presies 150 kano-nieke Psalms. Om dit anders te stel: in die kanon van die O.T. is daar 150 psalms in die boek Psalms opgeneem.

Hierdie psalms kom ook in beryming voor soos ons dit tans in die kerk sing. Naas die psalms sing die Afrikaanse kerke ook „gesange” en „Skrifberymings”, maar ons sal dit nooit waag om een hiervan ook „psalm” te noem nie.

Hoe kan ons dan praat van Psalm 151?

Heel agter in sommige ou Hollandse Statebybels, nl. dié waarin die berymde Psalms en ander liturgiese geskrifte na die Bybelboeke afgedruk is, kom daar ’n getoonsette gedig voor onder die opskrif „Een eigen geschrift Davids”. Die gedig, wat gesing moet word op die melodie van Ps. 19, lui soos volg:

- 1) 'k Was een jongeling,
Nog teder en gering,
Bij broedren laag geacht;
Men had mij in het veld
Tot herder aangesteld:
Daar hield ik steeds de wacht
En weide 't wollig vee.
Toen maakt' ik, wel te vreê,
Een harp met eigen handen;
Ik greep het snaarentuig,
'k Zong psalmen: van 't gejuich
Weërgalmden onze landen.
- 2) Wat blijdschap! welk een eer,
Dat zelfs de Hemelheer
Wou luist'ren naar 't geklank
Van mijne harp en stem!
Mijn lied behaagde Hem,
En 'k zei zijn goedheid dank.
Hij had mij 't rijk besteld:
Men riep mij uit het veld,

Van achter 's vaders schaapen:
Ik kwam en stond bedeesd,
Verlegen en bevreesd,
God werd mijn schild en wapen.

- 3) Der broedren schoon gelaat,
Noch kracht kwam hun te baat,
Geen moed, geen kriegsbeleid:
Gods knecht ging hen voorbij,
Maar groett' en zalfde mij,
Toen rees mijn dapperheid.
Toen voeld' ik eenen gloed
Van heilgen heldenmoed.
Ik ging den reus bevechten,
Ik velde hem ter aard;
'k Versloeg hem met zijn zwaard,
Tot eer van 's HEEREN knechten.

Daar word nêrens in die Statebybel 'n verantwoording gegee van die herkoms van hierdie gedig nie. Dit is egter bekend dat die Statebybel ook 'n vertaling bevat van die „apokriewe boeke”, die boeke wat, hoewel met versigtigheid, tog volgens aanbeveling van die vertalers, met stigting gelees kan word. Hulle stel dit so: „Doch overmits in deselve oock eenige goede spreucken, vermaningen, ende exempelen gevonden worden, soo en is'et niet geheel ondienstigh, datse in 't bysonder al te met oock gelesen worden, alsoo nochtans datse gelijck alle andere menschelicke schariften, altyt getoetst moeten worden aen den toetsteen der Goddelicke leeringen”.

Hierdie apokriewe boeke is nl. die wat ook in die ou Griekse vertaling van die Ou Testament, die sg. Septuaginta (afgekort LXX) voorkom. En in die Septuaginta kom daar werklik 'n Psalm 151 voor. Wat meer is, selfs 'n oppervlakkige vergelyking tussen die „eigen geschrift Davids” en die LXX Ps. 151 laat weinig twyfel dat eg. 'n berymde verwerking is van lg.

Omdat Ps. 151 egter nie in die Hebreuse kanon voorkom nie, het die Statevertaling, en so ook die Afrikaanse vertaling, tereg Ps. 151 nie as deel van die kanonieke Psalme-boek opgeneem nie.' Die Statevertaling het hierdie mooi gedig egter tog gelukkig bewaar saam met hulle vertaling van die apokriewe

boeke, deur dit, sy dit dan héél agter in, in berymde vorm te behou.

Daarom praat ons hier ook maar van *Psalm* 151, nie om te probeer om daarvan 'n kanonieke psalm te maak nie, maar om dit 'n naam te gee sodat ons daarvoor kan praat, want hierdie psalm het die aandag getrek nadat dit ook uit die geskifte wat algemeen bekend staan as die Dooie See-geskifte, bekend geword het.

Hoe lui Psalm 151 nou presies in die Septuaginta?

Die teks² en vertaling lui soos volg:

Ουτος ο ψαλμος ιδιογραγος εις Δαυιδ και εξωθεν του αριθμου. οτε εμονομαχησεν τω Γογιαδ.

1. *Μικρος ημην εν τοις αδελφοις μου και νεωτερος εν τω οικω του πατρος μου. εποιμουν τα προβατα του πατρος μου.*
2. *αι χειρεις μου εποησαν οργανον, οι δακτυλοι μου ηρμοσαν ψαλτηριον.*
3. *και τις αναγγελει τω κυριω μου; αυτος κυριος, αυτος εισακουει.*
4. *αυτος εξαπεστειλεν τον αγγελον αυτου και ηρεν με εκ των προβατων του πατρος μου και εχεισεν με εν τω ελαιω της χρισεως αυτου.*
5. *οι αδελφοι μου καλοι και μεγαλοι, και ουκ ευδοκησεν εν αυτοις κυριος.*
6. *εξηλθον εις συναντησιν τω αλλοφυλω, και επικατηρασατο με εν τοις ειδωλοις αυτου.*
7. *εγω δε σπασαμενος την παρ αυτου μαχαιραν απεκεφαλισα αυτον και ηρα ονειδος εξ υιων Ισραηλ.*

Hierdie psalm is 'n eie geskrif van Dawid en staan buite die getal (van die Psalms); toe hy alleen teen Goliat geveg het.

1. Die kleinste was ek onder my broers en die jongste in die huis van my vader.
2. My hande het 'n lier gemaak, my vingers het 'n harp bespeel.
3. Wie kan aan my Here vertel? Die Here self, Hy verhoor.
4. Hy het sy boodskapper gestuur

en hy het my weggeneem van die kudde van my vader
en hy het my gesalf met sy salfolie.

5. My broers was mooi van aansien en sterk gebou,
maar die Here het nie welgevalle gevind in hulle nie.
6. Ek het gegaan tot 'n ontmoeting teen die vreemdeling
en hy het my vervloek by sy afgode.
7. Ek het uitgetrek sy eie swaard,
Ek het hom onthoof en die smaad van die kinders van
Israel weggeneem.

Behalwe dat hierdie psalm ook in die Latynse vertaling, die sg. Vulgaat, as 'n getroue weergawe van die Griekse voorkom, was dit geruime tyd ook al bekend in Siriese vertaling as nr. 1 uit 'n groep van vyf Siriese nie-kanonieke psalms.³ Die verhouding tussen die Siriese psalm en die LXX word so gestel dat die verskillende Siriese handskrifte in die algemeen, met uitsondering van een reëltjie, 'n vertaling is van die LXX.⁴

Die verskille tussen die Griekse en Siriese lê by die opskrif, waar die Sir. toevoeg: „'n Danksegging van Dawid”; by reël 1, waar die Sir. toevoeg: „En ek het 'n leeu en 'n wolf gevind, en ek het hulle doodgemaak en hulle verskeur”; by reël 3b, waar die Sir. lui: „Hy is die Here, Hy is my God”; en by reël 6, waar die Sir. lui: „Ek het uitgegaan om teen die Filistyn te veg”.

Om die moontlike oorsprong van ons psalm vas te stel, hoef die Siriese weergawe (en ook natuurlik die Latynse) dus nie verder in aanmerking geneem te word nie. Die teks van die LXX stam uit 'n vroeër tyd, en die Siriese weergawe is ook duidelik gebaseer op die LXX.

Die verskille tussen die twee is wel nie so belangrik nie, maar daar is tog iets meer oor te sê.

By die opskrif (Sir: 'n danksegging) het die Sir. hier 'n passende aanduiding toegevoeg. Die toevoeging in reël 1 (Sir.: en ek het 'n leeu en 'n wolf gevind ens.) is volgens algemene oortuiging hier ingevoeg uit die Sir. psalms IV en V.⁵ Die Sir. reël 3b gee meer betekenis aan hierdie vers as by die LXX. In Sir. reël 6 word die „vreemdeling” (LXX) nader aangedui as die Filistyn, omdat dit kennelik tog Goliat is wat hier bedoel word (vgl. 1 Sam. 17 : 1—54, waar Goliat telkens „die Filistyn” genoem word).

Waar het die LXX dan sy Psalm 151 vandaan gekry?

In 1930 al het die Duitse geleerde Martin Noth die gedagte uitgespreek dat die vyf Siriese nie-kanonieke psalms teruggaan op 'n oorspronklike Hebreeuse teks. Hy was so seker daarvan dat hy drie van hierdie Siriese psalms terug-vertaal het in Hebreeus^e (maar nie ons psalm 151 nie). En inderdaad is drie van hierdie vyf Siriese psalms by die Dooie See-handskrifte gevind in 'n Hebreeuse vorm (11QPss nl. in kol. XVIII, XXIV en XXVIII), hoewel weer nie presies die drie wat Noth in Hebreeus vertaal het nie.

In kol. XXVIII van hierdie Dooie See-psalmrol staan benevens die grootste gedeelte van Ps. 134 bo-aan, een volledige psalm, en ook die begin-reëls van 'n volgende psalm.' Omdat albei hierdie laasgenoemdes te make het met die LXX Psalm 151, word hulle hier aangedui as Psalm 151 A. en B.

Die teks en vertaling lui soos volg: (kol. XXVIII 3 vgl.):

- A. 1. qtn hjjtj mn 'hj
wšꞥjr mbnj 'bj
wjšjmnj rwꞥh lšwnw
wmwšl bgdjwtw
2. jdj ꞥšw ꞥwgb
w'šbꞥwtj knwr
w'šjmh lJHWH kbwd
3. 'mrtj 'nj bnpšj
hhrjm lw' jꞥjdw lj
whgbꞥwt lw' jꞥjdw ꞥlj
hꞥsjm 't dbrj
whšw'n 't mꞥšj
4. kj mj jꞥjd
wmj jdbr
wmj jspr 't mꞥšj
'dwn hkwl r'h
'lwh hkwl
hw' šmꞥ
whw' h'zjn
5. šlh nbj'w lmwšꞥnj
't šmw'l lgdlnj

6. jš'w 'h̄j lqr'tw
 jpj htwr
 wjpj hmr'h
 hgbhjm bqwm̄tm
 hjpjm bš'rijm
 lw' b̄hr JHWH 'lwhjm bm
7. wjšlh̄ wjqh̄nj m'hr hsw'n
 wjmšh̄nj bšmn hqwdš
8. wjšjmnj ngjd l̄mw
 wmwšl bbnj brjtw

'n Halleluja van Dawid die seun van Isaï.

1. Geringer was ek as my broers
 en die jongste van my vader se seuns.
 En hy het my herder gemaak van sy skape
 en heerser oor sy bokkies.
2. My hande het 'n fluit gemaak
 en vingers 'n siter,
 en ek het eer gegee aan JHWH.
3. Ek het in my siel gesê:
 Die berge sal oor my nie getuig nie,
 en die heuwels sal aangaande my nie bekend maak nie;
 die bome (nie) my woorde,
 en die vee (nie) my dade (nie).
4. Wie tog sal vertel
 en wie sal spreek
 en wie sal bekend maak my dade?
 Die Heer van die heelal het gesien,
 die God van die heelal
 Hy het gehoor
 en Hy het sy oor geneig.
5. Hy het sy profeet gestuur om my te self,
 Samuel om my groot te maak.
6. My broers het uitgegaan hom tegemoet:
 die skones van voorkoms,
 die skones van aansien,

die grotes in hulle lengte,
die skones aan hulle hare;
JHWH God het hulle nie verkies nie.

7. En hy het gestuur en my gehaal van agter die skape
en my gesalf met heilige olie.
8. En Hy het my leier gemaak oor sy volk
en heerser oor sy verbondskinders.

B. thlt gb[w]rh l[dw]jd mšmšhw nbj' 'lwhjm

1. 'zj r'[j]tj plštj
mhrp mm[^crkwt plštjm]
2. 'nwkj [. . . .] 't [. . . .]

Aan die begin van Dawid se krag nadat die profeet van God
hom gesalf het:

1. Toe het ek 'n Filistyn gesien
wat uit die slagordes van die Filistyne smaadhede ge-
uiter het.
2. Ek . . .

Psalm A val uiteen in twee dele. Dawid vertel in die eerste
deel (vss. 1—4), wat hy gedoen het om Jhwh te loof, en hoewel
daar niks is wat daarvan voor God getuig nie, hoor God dit tog,
en gee Hy tog daarop ag. In die tweede deel (vss. 5—7) waar-
van vs. 5 die oorgang vorm, vertel Dawid hoe Jhwh antwoord
gegee het op sy vroomheid deur hom as koning te salf.

Hierdie psalm neem sy stof dus uit 1 Sam. 16. Sanders
noem die psalm 'n poëtiese midrasj op 1 Sam. 16. Dawid se
verkiesing (1 Sam. 16 : 7: Jhwh sien die hart aan) vorm hier
die kruks. Die Bybel vertel nie wat Jhwh in sy hart gesien het
nie, maar hierdie midrasj vertel dit: „Ek het eer gegee aan
Jhwh” (vs. 2), en Jhwh het dit „gehoor, Hy het sy oor geneig”
(vs. 4). Daarom het Hy hom koning gemaak.⁸

Vers 1: vgl. 1 Sam. 16 : 11. Hoewel *qtn* in 1 Sam. 16 ge-
bruik word in die betekenis van „kleinste, jongste”, het dit in
ons psalm meer die kontrasterende betekenis van „minder be-
langrik, geringer”, in die lig van Dawid se verhoging later

(vs. 5). Dawid wat eers heerser (*mwšl*) oor die bokkies was (vs. 1), word later heerser (*mwšl*) oor Jhwh se verbondskinders.

Vers 2: Fluit en siter word as 'n paar ook genoem in Gen. 4 : 21 en Job 30 : 11. Vir vs. 2c vgl. Ps. 66 : 2: *šjmw kbwd thltw* (Afr. vert.: „maak heerlik sy lofsang”, eintlik: „stel sy lof tot heerlikheid”).

Sanders voeg aan hierdie vers nog die volgende reël toe. Hy vertaal dan: „And /so/ have I rendered glory to the Lord,/ thought I, within my soul”.⁹ Behalwe die o.i. geregverdigde beswaar wat Rabinowitz op grammatikale gronde hierteen inbring,¹⁰ erken Sanders self dat die analoë uitdrukking *'mrtj bblj*, wat telkens bv. in Pred. voorkom, altyd sien op wat volg, en nie op wat voorafgaan nie.” So verstaan ons dit hier ook.

Vers 3: Die uitdrukking „Ek het in my siel gesê” beteken: ek het vir myself gesê. In die O.T. kom die uitdrukking *'mrtj 'nj bblj* („ek het in my hart gesê”) dikwels voor, maar *'mr* word in die O.T. nooit met *bnpš* gebruik nie. Van 'n gebruik van *npš* soos in die uitdrukking *'mr lnpšj* („sê tot my siel”, Ps. 35 : 3) is die oorgang tot ons uitdrukking egter nie groot nie; *npš* gee ook dikwels uitdrukking aan die wederkerende voornaamwoord.

Hoewel die ganse skepping in die Bybel telkens opgeroep word om *Gods* lof te sing (vgl. bv. Ps. 148 en i.c. veral vss. 9 en 10), sê Dawid hier dat die berge en heuwels, bome en vee nie van sý eie vroomheid sal getuig nie.

Sanders deel hierdie vers anders in, en hy verstaan dit ook anders. Sy vertaling lui: „The mountains do not witness to him, (d.i. Jhwh) nor do the hills proclaim;/ The trees have cherished my words and the flock my works”; en uit hierdie laaste versreël haal hy sy argumente vir die vermeende orfisme waarvan die digter hier blyk sou gee.¹¹ Rabinowitz het Sanders hierin bestry, en hý lees die vers soos volg: „The mountains will not bear witness for me, nor the hills;/ the trees will not report my words on my behalf, nor the flock my deeds”.¹² Hoewel ons dus in hoofsaak saamstem met Rabinowitz se interpretasie, meen ons dat die vier naamwoorde elke keer aan die *begin* van die versreël parallel geneem kan word. Rabinowitz het waarskynlik gestuit op die feit dat *lw'* dan in die laaste *twee* vers-

reëls nie voorkom nie, terwyl dit in O.T.-Hebreeus alleen gebruiklik is dat *een* volgende versreël na 'n *lw*' ontken kan word,¹⁴ soos bv. in Ps. 121 : 6. Uit die Ugarities is dit egter bekend dat die ontkenning geldig is oor meer as een volgende parallele versreël; so bv. in Ugaritic Textbook¹⁵ 51 IV 50—57:

. . wn . in . bt . lb^c
 km ilm . wh^zr . kbn . a^trt
 m^tb il m^zll . bnh
 m^tb rbt . a^trt . ym
 m^tb . klt kny^t
 m^tb pdry . bt ar
 m^zlt tly bt rb
 m^tb ar^s(y) bt y^cbdr

Wee, daar is geen huis vir B^c,
 soos (vir) die gode, nog 'n hof soos (vir) die seuns van A^trt,
 (soos) die woning van Il, wat sy seuns verskuil,
 (soos) die woning van Dame A^trt van die See;
 (geen) woning vir (sy) onbesproke bruide:
 (geen) woning vir Pdry, dogter van Ar,
 (geen) skuling vir tly, dogter van Rb,
 (geen) woning vir Ar^s(y), dogter van Y^cbdr (nie).

Hier beheer *in* in die eerste reël ook die ontkenning van reëls 5—8.

Dit kan teëgewerp word dat die Ugarities histories te ver verwyderd is van ons psalm om hier as voorbeeld te dien. Gordon sê egter: „It so happens that most . . . analogies (i.e. tussen Hebr. en Ugar.) occur in the later strata of the O.T. We are therefore confronted with the possibility that the resemblances may be due to borrowings by the Hebrews from the more northerly Canaanites after a relatively late date such as 750 B.C. or even in postexilic times. But I do not think that the parallels are necessarily late borrowings; they are rather simply characteristic of the poetry and by accident most of the O.T. poems are in the later books”.¹⁶

Vers 4: As die berge en heuwels ens. nie sal getuig van sy vroomheid nie, wie dan?, vra Dawid. Dit is nie nodig dat iemand daarvan hoef te getuig nie, want die Heer van die heelal hoor en luister self.

Ons verskil hier weer van Sanders, wat vertaal: „Everything has God seen,/ everything has he heard and he has heeded”.¹⁷ Met Rabinowitz¹⁸ meen ons dat 'dwn hkwl en 'lwh hkwl hier parallel staan. So kom die parallele šm^c en h'zjn, wat ook par. voorkom in Ps. 17 : 1, 39 : 13, 49 : 2, 84 : 9, beter tot hulle reg.

Vers 5 as oorgang tot die tweede gedeelte van die psalm gee die rede waarom Dawid weet dat God sy vroomheid opgemerk het: as antwoord op sy vroomheid het Hy sy profeet gestuur om hom te verhoog. In die vervolg word natuurlik ook nou aangesluit by 1 Sam. 16. Vgl. vir ons vs. 1 Sam. 16 : 1.

Vers 6: Vgl. 1 Sam. 16 : 7: Let nie op sy voorkoms (*mr'hw*) en sy hoë gestalte (*gbh qwmtw*) nie. Vir die laaste versreël hier vgl. ook die herhaalde „ook hom/hulle het die Here nie verkies nie” (*gm bzh/l' bhr jhwh/b'lh*), 1 Sam. 16 : 8, 9, 10.

Vers 7: Vgl. 1 Sam. 16 : 11—13, en Ps. 89 : 21 (*bšmn qdšj mšhtjw*).

Vers 8: Vgl. die aantekening by vs. 1.

Psalm B. Opskrif: Hier begin 'n volgende psalm. Hierdie reëls kom aan die einde van die kolom voor, wat ook beskadig is,¹⁹ en dit is ook die laaste kolom van hierdie rol. Die res van hierdie psalm het verlore gegaan.

Nadat Samuel Dawid gesalf het, het die Gees van Jhwh hom aangegryp (1 Sam. 16 : 13), wat, soos by hierdie psalm, dan gesien kan word as die begin van sy krag (*gbwrh*).

Vers 1: Die uitdrukkings (*m)hrp* en *mrkwt plštjm* kom verskeie male in 1 Sam. 17 voor.

Plaas ons nou hierdie Q Ps. 151 A naas die LXX Ps. 151, dan kom verskeie opmerklike dinge na vore.

Q vs. 1d („en heerser oor sy bakkies”) ontbreek in die LXX; en so ook Q vs. 2c—3 („en ek het eer gegee aan JHWH./Ek het in my siel gesê:/ Die berge sal oor my nie getuig nie ens.”).

Q vs. 4a—c („Wie tog sal vertel/ en wie sal spreek/ en wie sal bekend maak my daede?”) is vervat in LXX vs. 3a („Wie kan aan my Here vertel?”), maar hierdie versreël in die LXX is nogal kripties.

Q vs. 4d—g („Die Heer van die heelal het gesien, ens.”) is vervat in LXX vs. 3b („Die Here self, Hy verhoor”); die herhaalde *αυτος* in die LXX is sterk afgestem op die herhaalde *hw* in Q.

LXX vs. 4 („Hy het sy boodskapper gestuur/ en hy het my weggeneem ens.”) is ’n samevatting van Q vs. 5a („Hy het sy profeet gestuur om my te salf”) en vs. 7 („En hy het gestuur en my gehaal ens.”), terwyl Q vs. 6 („My broeders het uitgegaan hom tegemoet ens.”) vervat is in LXX vs. 5 („My broers was mooi van aansien en sterk gebou ens.”).

Tot dusver het die LXX die karakter dat dit selektief te werk gegaan het t.o.v. die Hebreëuse teks, en in een geval selfs ’n eie rangskikking gemaak het van die verse.

Die LXX vss. 6—7 is duidelik nie afhanklik van die Q Ps. A nie. Die klein fragment van Q Ps. B wat voorhande is, maak dit baie waarskynlik dat die LXX-verse hierop gebaseer is, in ag nemende dat die LXX selektief en herrangskikkend t.o.v. die Q-tekste te werk gegaan het.

Die moontlikheid moet egter ook in gedagte gehou word dat beide dus Q en LXX, op een of ander wyse afhanklik kon gewees het van ’n ander Hebreëuse teks, en dat elkeen daarvan sy eie poëtiese weergawe bied.²⁰ Ons moet egter in elk geval aanneem dat die LXX sterk selfstandig te werk gegaan het met sy verwerking van die teks.

Ten slotte stel ons weer die vraag oor die kanonisiteit van hierdie Ps. 151. Is die feit dat hierdie psalm nie in die Hebreëuse kanon voorkom nie, die enigste argument waarom ons dit uit die kanon weglaat?

Sonder om in te gaan op die Algemene Kanoniek, wat hieroor uitsluitel sou kon gee, meen ons dat daar selfs meer rede voor is. Uit die inhoud van hierdie psalm, wat heel waarskynlik uit ’n heelwat later tyd dateer as die psalms van die Psalmeboek, is dit duidelik dat ons psalm die universele strekking van die Bybelse Psalms mis. Hierdie psalm is so individualisties en naïef op die persoon en op bepaalde omstandighede van Dawid gerig, dat ons dit saam met Sanders kan sien as ’n midrasj op 1 Sam. 16—17,²¹ maar niks méér nie.

Om sy Bybelse motief, en om sy estetiese waarde is ons dankbaar dat ons kan kennis dra van hierdie psalm in sy ver-

skillende vorme (LXX en Q). Ons voel egter geen begeerte opkom om dit na 'n vlak te verhef waar ons met die woorde „psalm 151” iets meer bedoel as net om dit „'n naam te gee sodat ons daarvoor kan praat” nie.

E. J. Smit.

-
- * Hartlike dank word betuig aan prof. F. C. Fensham wat die manuskrip deurgelees het en waardevolle opmerkings gemaak het, wat in die teks en voetnote verwerk is.
- 1 Vir die erkenning van Ps. 151, cf. H. B. Swete: *An introduction to the Old Testament in Greek*, London-Edinburgh, 1914, pp. 252—3.
 - 2 Volgens die teks van A. Rahlfs: *Septuaginta*, vol. II, Stuttgart '1962, pp. 163—4.
 - 3 Cf. M. Noth: *Die fünf syrisch überlieferten apokryphen Psalmen*, ZAW 17 1930, pp. 1—23.
 - 4 H. H. Spoer: *Psalm 151*, ZAW 28 1908, p. 68; J. A. Sanders: *Ps. 151 in 11 QPSS*, ZAW 75, 1963, p. 75.
 - 5 Sanders: a.a., p. 74.
 - 6 A.a., pp. 13—23.
 - 7 Cf. J. A. Sanders: *The Psalms scroll of umrân cave 11 (11 QPsa)*, Oxford 1965, p. 49 en pl. XVII.
 - 8 Id., p. 56.
 - 9 Id., p. 55.
 - 10 I. Rabinowitz: *The alleged orphism of 11 Q Pss 28, 3—12*, ZAW 76, 1964, p. 194.
 - 11 Sanders: id., p. 57.
 - 12 Id., pp. 56, 61—3.
 - 13 A.a., p. 196.
 - 14 Cf. Gesenius-Kautzsch-Cowley: *Hebrew Grammar*, Oxford 1963, p. 483.
 - 15 C. H. Gordon: *Ugaritic textbook*, Rome 1965.
 - 16 Gordon: *Ugaritic textbook*, p. 292.
 - 17 Sanders: a.w., p. 56.
 - 18 A.w., pp. 195—6.
 - 19 Cf. Sanders: a.w., pl. XVII.
 - 20 Prof. Fensham merk hierby op dat 'n mens miskien ook rekening kan hou met die tekstkritiese probleem waar LXX met 'n Hebreeuse „Vorlage” op verskeie plekke meer bied as MT, bv. Deut. 32 en Sam. Dit kan dan beteken dat daar verskillende tekstipes van Hebreeus in omloop was, waarvan LXX (of 'n gedeelte daarvan) een verteenwoordig, en MT 'n ander — 'n probleem waarmee F. M. Cross en H. Orlinsky ernstig besig is.
 - 21 Sien noot 7.